# Hoofstuk van die dag: Matteus 5

> *Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. (vers 3)*

Ons wil graag onafhanklik wees. Jesus sê egter: Geseënd is hulle wat weet hoe afhanklik hulle is. Nie mense wat niemand

nodig het nie. Mense wat weet hoe afhanklik hulle is! Natuurlik eerstens afhanklik van God. Mense wat weet hulle het God elke dag nodig, is geseënd. Mense wat besef dat hulle sonder God ook sonder hoop is (Ef 2:12).

Maar dit gaan om meer as dit. Dit gaan om ’n ingesteldheid, ’n lewenshouding wat nié sê: ek het niks of niemand nodig nie. Die oorspronklike Grieks (2020-vertaling!) praat hier net van “arm van gees,” m.a.w. nie vol van jouself, vol bravade nie. Daarom: afhanklik van God, maar ook met die besef: ek het ander mense nodig, en hulle vir my. Dis nie net elkeen vir homself nie.

Geseënd is jy as jy raaksien dat jy ander mense in ag moet neem en nodig het. As almal om jou dit nie moet ontgeld nie (vers 5); as jy ’n hart vir ander het; as jy barmhartig is (vers 7); as jy nie moeilikheid veroorsaak en twis bring nie (vers 9) …

Dán is jy ’n Koninkryksmens.

## Onlangse Bydraes


- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026